# Dagstukkies 4

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 4

Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 4)

**Dit was elke oggend 'n verfrissende ervaring in die Woord om 'n "Dagstukkie" voor te berei.**

**Ek het altyd probeer "skerp" bly om te hoor wat sê die Here vir my deur die Bybel.**

**Die eerste 300 Dagstukkies het ek in drie boekies geplaas van 100 per boekie. Dit was in groot aanvraag.**

**Dit was moeilik om te bepaal hoeveel die E-posse ontvang het, want van die ongeveer 400 wat ek uitgestuur het, was daar diegene wat dit vir tot 20 ander gestuur het. Sovêr soos Korea en Amerika.**

**Ek het verneem dat 'n Internet Radio Stasie die Dagstukkies gestuur het na 45 lande!**

**Waarlik, die Here kry al die eer!**

Danie Nell, Jeffreysbaai –
Epos adres: dnell@inetcom.co.za

ISBN 978-0-620-55271-4

# Gelukkig is dié wat God vrees

**Psalm 112:1,7** *"Welgeluksalig is die man wat die Here vrees, wat 'n groot welbehae in Sy gebooie het"*
Die Boodskap: *"Prys die Here! Die gelukkigste mense op aarde is hulle wat groot respek vir die Here het, wat met blydskap luister na alles wat die Here sê"*

*"Welgeluksalig"* meen *"in die hoogste mate gelukkig"*
Indien jy 'n vrees vir God het – 'n respek vir Hom het – dan moet jy mooi luister na die pragtige beloftes wat jy joune kan maak. Alles staan geskrywe in Psalm 112.
Vers 2: *"Sy nageslag sal geweldig wees op die aarde; die geslag van die opregtes sal geseën word"* Die Boodskap vertaal dit: *"Hulle nageslag is baie groot. Die Here se goedheid is by sulke mense oral waar hulle gaan"*
Vers 3: *"Oorvloed en rykdom is in sy huis"* Jy kan bly glo dat jy meer as genoeg sal hê. (2 Kor. 9:8)
Verse 7,8: *"Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here. Vas is sy hart, hy vrees nie"* In Die Boodskap lees ons: *"Slegte nuus ontstel hom nie, want sy hand is veilig in die Here s'n. Omdat hy op die Here vertrou, is hy glad nie bang nie"* Moenie toelaat dat dinge jou ontstel nie, want jou hand is mos veilig in Sy hand. (Joh. 10:28)
As vrees oor jou finansies kom, dan onthou jy hoedat jy aan God se werk gegee het en dat Hy beloof het om die hemel se vensters vir jou oop te maak. (Mal. 3:10)
As daar vrees oor siekte kom dan onthou jy Skrifgedeeltes oor genesing en dan erken jy dat God die laaste sê oor 'n mens se lewe het. Die meeste dinge wat ons vrees sal in elk geval nooit plaasvind nie.

Moet nooit jou vrees – jou respekte – vir God verloor nie.
As jy God vrees sal jy in die hoogste mate gelukkig wees, asook jou nageslag.
Slegte nuus sal jou nie wegdryf van God nie, maar eerder nader trek. (Rom. 8:28)

# Die bediening van die Gees

**2 Korinthiërs 4:1** *"Daarom, aangesien ons hierdie bediening het volgens die barnhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie"*

Watter bediening praat Paulus van in ons teks? Hy praat van *"die bediening van die Gees"* Ons lees daarvan in 2 Kor. 3:7,8 waar Paulus melding maak van "die bediening van die dood" asook "die bediening van die Gees" Lees dié gedeelte self met aandag. Laat toe dat God se Gees deur jou bedien – dit is hoe die bediening van die Gees werk. En ek is só bly dat Hy werk deur mense soos jy en ek. Mense wat breekbaar is soos wat ons lees in vers 7 *"Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie"* Onthou dit altyd wanneer die Here jou gebruik het. Neem nooit eer vir jouself nie, maar gee al die eer aan Hom wat deur jou werk.
Jy en ek het dieselfde Gees van geloof – dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het! Dit is hoe ek verse 13,14 verstaan. Die gedagte hieraan moet ons moed gee om vas te hou aan die beloftes in Sy woord en beskikbaar te wees dat die Here deur ons kan werk, soos Hy wil. In Fil. 2:13 lees ons *"Want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen"* (Die Lewende Bybel)

Stel jouself beskikbaar dat Sy Gees deur jou kan bedien.
God sal jou die begeerte gee, asook die krag, om iets te doen.
Die Here soek nie volmaakte mense nie, maar gewillige mense!

**Ons redelike godsdiens**

**Romeine 12:1,2** *"Ek vermaan julle dan...by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van jul gemoed..."*
Die Boodskap: *"...laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag"*

Een ding wat vir my opnuut duidelik geword het is dat die Here nooit onredelik is met enige iets wat Hy van ons verwag nie. Geen wonder dat Paulus hier praat van *"die ontferminge van God"* In die Engelse vertalings word die woorde *"the mercies of God"* gebruik. God is altyd redelik en voorwaar vol van genade.
Daarom as Hy verwag dat ons ons liggame moet stel as 'n lewende en heilige offer aan Hom, dan meen Hy dit is nie iets onredeliks wat Hy vra nie. Ons liggame is vir die Here baie belangrik. Ons lees in 1 Kor. 6:19: *"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?"* (Lees gerus ook 1 Thes. 5:18)
Dit is dus iets redeliks as God sê ons liggame is die woonplek van Sy Gees en dat ons daarmee nie kan doen wat ons wil nie. Moet hierdie waarheid nooit vergeet nie!
Net nadat Paulus gepraat het oor ons liggame, voeg hy nog iets by wat ook redelik is, en dit is om reg te dink. Ons liggame behoort aan die Here, maar ook ons binneste. Ons kan nie dink soos hierdie wêreld oor dinge dink nie. Soos Die Boodskap dit stel moet ons God toelaat om ons van binne nuut te maak.

Ons het beheer oor ons liggame asook oor wat ons dink.
As jou liggaam verkeerde dinge wil doen – weier hom dit!
Wat van jou gedagtes? Die antwoord is:
*"Bedink die dinge wat daarbo is..."* (Kol. 3:2)

## Geloof is 'n vaste vertroue

**Hebreërs 11:1** *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie"*

Die Lewende Bybel: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*

God het dit so belangrik geag om ons te leer wat geloof is dat daar 'n hele hoofstuk daaroor aan ons gegee is. Hebreërs 11 word ook *"Die Geloofshoofstuk"* genoem.
"Geloof is 'n vaste vertroue" As jy 'n vertroue in iemand het dan meen dit dat jy glo hy is eerlik en opreg en jy kan staatmaak op so'n persoon. Dan behoort ons nooit 'n probleem te hê om God te glo en Hom te vertrou nie! Skep moed in wat jou nood en behoefte ookal mag wees, en vertrou die Here.
Volgens Heb. 11:6 is dit duidelik dat ons nie die Here tevrede kan stel sonder om te glo dat Hy bestaan en dat Hy in staat is om vir ons te voorsien nie. Elke teks is soos 'n getekende tjek wat jy kan wissel, maar dan moet jy in daardie teks glo.
Niks moet keer dat jy met jou mond sal sê wat jy glo nie. Met die hart glo ons en met die mond bely ons. (Rom. 10:10)
Die begin punt van geloof is om te glo in God se bestaan – Hy is wie Hy sê Hy is. Die eindpunt van geloof is om te glo in God Woord – Hy sal doen wat Hy beloof het.
Geloof is ook om gehoorsaam te wees. As jy glo sal jy soms dinge doen wat die gewone mens nie sal verstaan nie. Dink maar aan Noag wat, omdat hy geglo het wat God gesê het, 'n ark op droë grond gebou het. Alles omdat hy geglo het en gehoorsaam was.

Tel jou "skild van geloof" op en vertrou die Here vir alles.
As jy glo, bly hoop en moenie bang wees om dit te sê nie.
Onthou dat geloof en gehoorsaamheid aan mekaar verbind is.

## ‘n Dubbele deel van Sy Gees

**2 Konings 2:9** *"En nadat hulle deur was, sê Elia vir Elisa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elisa antwoord: Laat dan tog ‘n dubbele deel van u gees op my kom"*

Hierdie is die verhaal van hoe Elia met *"‘n wa van vuur met perde van vuur"* (vers 11) lewendig hemeltoe geneem is.
Net voor hy opgeneem is, het Elisa ‘n dubbele deel van die gees begeer wat op Elia gerus het.
Indien jy ‘n studie sou maak van die wonderwerke wat hierdie twee profete gedoen het, sal jy vind dat Elia 7 wonders gedoen het en Elisa 14. Presies twee-keer soveel!
Elia en Elisa se reis het saam begin by Gilgal. (vers 1) Gilgal is die plek waar Israel besny was. Dit is nie ‘n eenvoudige saak nie; dit is ernstig en pynlik. Ons kan ‘n dubbele deel van God se Gees begeer indien ons bereid is om "besny" te word in ons harte. In die Bybel is daar geestelik ‘n verbintenis tussen "besnyding" en "bekering". Bekering beteken ‘n omdraai.
Dit is eintlik ‘n 180 grade omdraai. Is jy bereid daarvoor?
Elisa moes ook aandoen by Bet-el, en dit is die plek van ‘n ontmoeting met God. Lees Jakob se ondervinding in Gen. 28.
Maar dan moes Elisa ook by die Jordaan kom. Jy het seker al gehoor hoe word daar gepraat van die "doods Jordaan"?
Die boodskap is dat "self" eers moet sterf, soos wat ons lees in Gal. 2:20. Elisa kon eers vra vir ‘n dubbele deel van die gees wat op Elia was, nadat hy by Gilgal; Bet-el en die Jordaan was.
Begeer jy baie meer van die Here as wat jy tans het? Dan moet jy bereid wees om die pad te loop wat Elisa geloop het – selfs al is dit nie so aangenaam nie.

Begeer jy ‘n dubbele deel van Sy Gees?
Besluit om met jou Bybel en gebed by jou Bet-el te vertoef.
Werk aan die "ek" in jou lewe sodat jy kan sê: *"Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my"*

# Leef met Entoesiasme

**Romeine 12:11** *"Wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here"*

Die Boodskap: *"Moenie vir een enkele oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Nee, laat die Gees julle met Sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef. Dien die Here met groot oorgawe."*

Die HAT verklarende woordeboek verduidelik "entoesiasme" soos volg: *"Entoesiasme beteken: Geesdrif; besieling; vurige belangstelling"* Is dit jou beskrywing?
The Collins Dictionary says: *"Enthusiasm is great eagerness to be involved in a particular activity which you like and enjoy or which you think is important"*
Hou jy van wat jy doen en is dit vir jou belangrik?
"Entoesiasme" kom van die Griekse woord "entheos" wat verwys na God. Hoe meer jy van God het, hoe meer entoesiasme sal jy hê. Entoesiasme het dieselfde uitwerking as wat suurdeeg het, naamlik om deeg meer te laat word. Entoesiasme sal wat in jou is meer laat word. Entoesiasme sal jou laat praat, doen en sing! Ouderdom mag jou vel vol plooie maak – verloor jou entoesiasme dan sal daar "plooie" in jou siel ontstaan.

Een van die uitstaande karakters in die Bybel is Dawid, 'n jongman vol entoesiasme. Hy het soveel entoesiasme gehad dat toe niemand moed gehad het om Goliat te veg nie, was hy beskikbaar. Sy entoesiasme kom na vore in 1 Sam. 17:45,46. Nadat hy Goliat getref het met 'n klip voor sy voorkop, het hy gehardloop (vers 51) en Goliat se kop afgekap met sy eie swaard. Praat van entoesiasme?

Entoesiasme plus geloof in God, sal jy help om te oorwin.
Moenie "verslap" in jou toewyding aan God nie.
Geen probleem is te groot nie – by God is alle dinge moontlik!

## Leer om fyn te luister

**1 Kronieke 14:15** *"En as jy 'n geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse hoor, trek dan uit vir die geveg, want God het voor jou uitgetrek om die leër van die Filistyne te verslaan."* Die Lewende Bybel: *"Wag totdat julle bo in die balsembosse 'n geluid hoor soos manne wat marsjeer, en dan moet julle aanval, want dit beteken dat Ek, julle God, voor julle uit getrek het om die Filistynse leër te vernietig"*

Wat 'n besondere wyse het God vir Dawid laat hoor dat Hy daardie dag daar was om hom te help! In hierdie geval moes Dawid wag totdat hy die geruis van voetstappe in die toppe van die bome gehoor het. Toe Dawid dit hoor het hy geweet die Here is daar om weer 'n deurbraak te gee. Vir Dawid het die Here reeds 'n vorige keer 'n deurbraak gegee teen sy vyande (verse 10,11) Maar toe hulle hom weer aanval, was hy kinderlik genoeg om die Here te vra wat hy moet doen. Moet nooit meen dat God jou elke keer presies soos die vorige keer sal help nie. Maak soos Dawid in vers 14 gemaak het: *"Toe raadpleeg Dawid God **weer**..."* Doen jy dieselfde.

Gelukkig het God Sy Gees gegee om ons te lei. Ons lees in Joh. 16:13 *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."*
Ek weet nie watter soort deurbraak jy soek nie? Is dit 'n geestelike deurbraak? Moontlik begeer jy 'n deurbraak in jou besigheid? Of in jou huwelik? Miskien vir jou kinders? Dit kan wees dat jy baie ernstig 'n deurbraak soek rakende genesing? Jy sal 'n deurbraak ervaar as jy kan leer om fyn te luister na die stem van die Gees in jou hart. Maak jou asb. doof vir ander stemme. Ek glo die Heilige Gees sal jou ook waarsku as daar gevaar is wat dreig – teen jou en ook teen hou gesin.

Die Here het jou nie 'n gees van vrees gegee nie. (2 Tim. 1:7)
Jy sal nooit alleen in enige geveg wees nie. (Ex. 14:14)
Die stryd behoort aan die Here. (1 Sam. 17:47)

## God se gunstige tyd

**Johannes 7:6** *"Toe sê Jesus vir hulle: My tyd is nog nie daar nie. Maar julle tyd is altyd daar"*

Die Boodskap: *"Jesus antwoord toe: Moenie vir My sê wat Ek moet doen nie. Ek weet wanneer die tyd vir My ryp is om dinge te doen. Doen julle maar wat julle wil en los My uit..."*

Die woord "tyd" in ons teks kom van die Griekse woord "kairos" en beteken "God se gunstige tyd" Jesus sê aan Sy dissipels Sy gunstige tyd nog nie op daardie stadium aangebreek het nie. Maar dat ons gunstige tye altyd daar is.
In Luk. 19:41-44 lees ons waar Jesus op 'n donkie in Jerusalem ingery het. Toe Hy die stad sien het Hy daaroor geween omdat hulle nie besef het wat tot hul vrede dien nie. In 70NC is Jerusalem verwoes deur Titus die Romeinse generaal. Die rede? *"omdat jy nie die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie"* (Luk. 19:44)
Die geskiedenis is vol van *"God se gunstige tye"*
Dink sovêr terug as in 1271 toe Nicolo Polo (die vader van Marco Polo) vir Kublai Khan, wat die regeerder van Sjina was, met die Evangelie gekonfronteer het. Khan en sy leiers wou toe selfs gedoop word. Maar eers 30 jaar later is drie Sendelinge gestuur – te min en te laat! Kyk hoe lyk Sjina vandag.
Aan die einde van die laaste wêreld oorlog in 1945 het Douglas Mc Arthur 'n versoek tot die Weste gerig dat hulle Sendelinge na Japan moes stuur. Net 16 Sendelinge het gegaan. Vandag is daar nie eers 1% Christene in Japan nie.
Miskien is dit jou "gunstige tyd" vir 'n totale omdraai in jou lewe om God met groter erns te dien? Moontlik is dit jou "gunstige tyd" vir genesing, soos wat dit was vir die man by die Betesda bad in Joh. 5. (Hy was reeds op daardie stadium 38 jaar siek) Of is dit God se "gunstige tyd" dat Hy jou roep? v

Vind uit waar God besig is om te werk en sluit by Hom aan!
Onthou: *"Life is like taking a picture – don't miss taking it!"*

## Saai jou saad!

**Prediker 11:4,6** *"Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie na die wolke kyk, sal nie oes nie...Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie"*

Die Bybel is vol van die "saai en maai" boodskap. Om te "saai" en om te "maai" raak ons hele lewe, want alles gaan oor om te "gee" en "ontvang"
'n Besondere teks rakende "saai en maai" vind ons in 2 Kor. 9:6 wat verseker finansies insluit. Dit lees soos volg: *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai"*
Vandag wil ek jou aanmoedig met hierdie woorde: "Saai jou saad!" As 'n boer saad in sakke hou wat hy in sy skure weggepak het, sal hy verseker geen oeste kry nie.
Daar is baie Christene (en nogal opregte toegewydes) wat hul finansies eenkant hou en dus dit nie "saai" nie. Ek weet van gelowiges in ons land wat selfs 'n persoonlike tiende rekening geopen het. Ek is nie daarteen nie, maar vir hulle wil ek vra om daardie "saai" in die grond te kry. Want as jy nie jou saad in die grond kry nie kan jy nie verwag om te oes nie. Die Here wil hê dat jy saai want Hy kan nie wag om vir jou te laat maai nie! Kry duidelikheid in jou hart waar jy jou finansies moet gee, en huiwer nie een oomblik om dit te saai nie. Ja, ek weet kerke het talle in die verlede teleurgestel, maar wat ons in God se koninkryk gee gaan nie oor mense nie, maar oor God.

*"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee"* (Die Lewende Bybel)

**As twee saamstem in gebed**

**Matthéüs 18:19** *"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel van van My Vader wat in die hemele is"*
Die Boodskap: *"As twee van julle saamstem oor enige saak wat swaar op julle hart lê en julle gaan praat met my hemelse Vader daaroor, sal julle gebed verhoor word"*

As twee saamstem in gebed is daar 100% krag beskikbaar. En as meer sou saamstem?
Om saam te stem was beslis die krag van die eerste gemeente in Jerusalem. Lees gerus: Hand. 4:24-31. Die krag van twee word regdeur die Bybel bevestig soos wat ons lees in: Pred. 4:9-12. Toe Daniël die droom van koning Nebukadneser bekend moes maak, het hy sy drie vriende gevra om saam te stem in gebed. God het toe die koning se droom bekend gemaak. (Dan. 2:16-19)

Terwyl ek evangelis was in die Noord Vrystaat moes ek tentdienste gaan hou het in Bethlehem. Dit was sovêr terug as Januarie 1975. Die Vrydagaand aan die einde van die diens het 'n dame gevra dat ek vir haar vader sou bid wat die volgende oggend 'n geneesheer moes gaan sien in New Castle. Haar vader het kanker in sy een oog gehad. Ons het net daar in die tent volgens Matt. 18:19 saamgestem vir sy genesing. Die volgende dag om 12:00 het sy juigend aan haar predikant kom vertel dat toe haar vader by die dokter kom, het dié hom gesond verklaar. Volgens hom was daar geen teken van kanker nie! Loof die Here vir die krag van saamstem.

Moenie alleen worstel met jou probleme nie. Kry iemand om saam te stem in gebed.
Jy kan selfs iemand bel en telefonies saamstem in gebed.
Mag die Here vir jou wonderlik voorsien in wat jy nodig het!

## Die blydskap in die Here

**Nehemia 8:11** *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting"*
Die Lewende Bybel: *"Julle blydskap oor wat die Here gedoen het, sal julle weer nuwe krag gee"*

In Nehemia 8 lees ons waar Esra die wet van die Here aan Israel voorgelees het, terwyl hulle uit respekte vir God se Woord op hul voete gestaan het. Wanneer hulle saamgestem het, het hulle met opheffing van hul hande uitgeroep: *"Amen, amen"* (vers 7) In die Lewende Bybel lees ons die volgende in vers 9: *"Hulle het die Wet van God hardop voorgelees en dit vertaal en dan verduidelik sodat dit vir die mense verstaanbaar kon wees"* Toe hulle die Wet hoor het hulle begin huil.
Hulle was egter aangemoedig om na hul huise te gaan en spesiale etes te gaan voorberei, en selfs te gee aan hulle wat nie het nie. (vers 11) Alles moes hulle doen uit dankbaarheid dat God hulle uit ballingskap (uit slawediens) van sewentig jaar gebring het.
Jy en ek is ook verlos uit ons geestelike slawediens, toe Christus ons Sy kind gemaak het. Omdat die Here groot dinge vir ons gedoen het behoort ons nie ons blydskap te verloor nie. Hierdie blydskap sal ons beskutting wees. Soos wat daar groot mure om die ou stede was, wat hulle teen hul vyande beskerm het, só sal die blydskap in die Here jou ook beskerm. Ware blydskap word in Collins Dictionary beskryf as: *"Joy is a feeling of great happiness"*
Wanneer droefheid jou wil oorval, dink daaraan wat God vir jou gedoen het. Dit sal blydskap en dankbaarheid in jou wakker maak, wat jouself asook jou gesin sal beskerm.

Moenie vergeet wat God vir jou gedoen het nie.
Dink daaraan hoe die Here jou tot hiertoe deurgedra het.
Bied weerstand teen alles wat negatief is – en wees bly in die Here! (Fil.4:4)

# Blydskap bou ons karakter

**Romeine 5:3,4** (Die Lewende Bybel) *"...Ons is ook bly as daar moeilikheid kom, want ons weet dat moeilikheid 'n mens leer om geduldig te wees. As ons geduldig is wanneer ons ly, gee dit ons standvastigheid van karakter, en as ons standvastig bly, het ons 'n vooruitsig wat baie beter is"*

Die Boodskap: *"Al kry ons nou baie swaar, vat dit glad nie ons blydskap weg nie. Allesbehalwe. Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou. En wanneer ons onverskrokke op God vertrou, help dit ons om 'n sterk Christelike karakter te vorm. En 'n sterk Christelike karakter maak dat ons deur dik en dun glo dat God se nuwe wêreld op ons wag"*

Dit is duidelik dat God gedurig werk aan ons karakter. Iemand het dit eenmaal soos volg gestel: *"Moenie my jou charisma (jou gawes) wys nie, wys my liewer jou karakter"*
Ons het reeds geleer dat die blydskap in die Here ons beskutting is. (Neh. 8:11) Die vraag is nou of ons nog blydskap sal hê as swaarkry en moeilikheid kom? Verbly ons net onsself in die Here as alles met ons goed gaan? Die profeet Habakuk leer ons hoe ware vreugde in die Here moet werk. Lees gerus Hab. 3:17,18 waar hy uitroep en sê dat indien daar geen oeste op die lande is en selfs geen beeste in die stalle nie, sal hy nogtans jubel in die Here! Die blydskap in die Here het beslis sy karakter sterk gemaak.
Is jy 'n blymoedige Christen onder alle omstandighede?

*"Here, help my om in alle omstandighede nog my te kan verbly in die U. Maak my sterk in my karakter dat ek deur dik en dun in U sal bly glo. Dankie vir die vooruitsig wat ek het – wetende, die beste lê nog voor!"*